**D6 CONNECT**

Ons wil net weer die ouers aanmoedig om te registreer op D6 Connect toep om kommunikasie tussen ouer en onderwyser te vergemaklik. U kan die toep aflaai en volg dan net die maklike stappe.

**VOEDING!!**

Die behoefte vir voeding raak al hoe groter. Dankie aan diegene wat alreeds hulp aangebied het.

Ons voedingsprojek is in drie dele verdeel.

1.**Toebroodjies:** Enige ekstra broodjies vir pouses sal waardeer word. Stuur dit asseblief na Me. Van Rooyen se klas. Ons vra GROOT ASSEBLIEF ondersteun die projek en stuur 'n pakkie toebroodjies.

2.**Neem 'n gesin aan**: Met hierdie projek vra ons vir 'n skenking weekliks op Dins- en Donderdae van 1x brood; 1x ½ dosyn eiers en 2L melk. Hierdie kan in die personeelkombuis afgelewer word. (Sien skeurstrokie).

**3. Skenking van kos vir die voedingskombuis:**

Gr. RR en R: Enige stysel; rys, pap, meel, pasta, ens.

Gr. 1 en 2: Enige vleiserigheid; tuna, visblikkies, soya maalvleis, ens.

Gr. 3 en 4: Blikkieskos; groentes, bone

Gr. 5: Tee, koffie, sop, suiker, ens.

Gr. 6: Seep, tandepaste, ens.

Gr. 7: Enige vars produkte; melk, brood, groente, vrugte, ens.

Bogenoemde is riglyne, ouers kan egter na goed denke bydra soos u wil.

Kom ons wees omgee Pieries met omgee harte. Alle hulp word waardeer.

---

**AFSKEURSTROKIE VOEDING O/B 07/2021**

**NEEM 'N GESIN AAN**

Ek, ______________________________________ is bereid om vir die jaar 'n gesin aan te neem en die nodige voorraad by die skool af te lewer.

KONTAKNOMMER : ______________________________

www.laerskoolpierneef.co.za

# LAERSKOOL PIERNEEF

Pierneefstraat 940, Villieria, 0186 • Posbus 26042, Gezina, 0031 • ☎ (012) 329-2369 • (012) 329-2383

STAAN VAS

## Omsendbrief 07/2021
## 29 Maart 2021

**NUUT VERKOSE BEHEERLIGGAAM 2021**

Baie geluk aan almal wat verkies is tot die Beheerliggaam.

**Ouerlede (5)**

| | |
|---|---|
| W. Pienaar | J.W. Stodart |
| J. Geyser | D. Du Plooy |
| L. Petzer | S. Oosthuizen ( Ge-koöpteerde lid) |

**Onderwysers (2)**

| | |
|---|---|
| S. Roos | J de Bruin |

**Nie-onderwyser (1)**

M. Booysen

**BELANGRIKE INLIGTING**

Neem asseblief kennis van veranderings rondom COVID-19 regulasies.

Volgens die Staatkoerant van 27 Maart 2021 No 44339 mag die volgende aktiwiteite by die skole plaasvind, sonder toeskouers.

- Skool sport aktiwiteite
- Buite Kurrikulêre aktiwiteite
- Interskole sport op distrik, provinsiale en nasionale vlak,

Die byeenkomste sal onder streng COVID 19 regulasies geskied met nodige protokol regulasie.

Die aantal persone toegelaat vir binnemuurse aktiwiteite is 100 en buitemuurs is 250 persone. Geen toeskouers word toegelaat nie.

Ons skool het steeds die groepe-beleid (groep 1 en groep 2) aangesien die grootte van ons klaskamers dit nie toelaat om al die kinders te akkommodeer nie. Sodra amptelike kennisgewing vanaf die Departement ontvang word t.o.v. algehele oopmaak van skole sal dit onverwyld gedoen word.

**TOETSREEKS KWARTAAL 1**

Baie sterkte aan al die Gr. 4 - 7 leerders met die toetsreeks wat vandag begin.



**RUGBY**

Rugbyoefening begin amptelik Dinsdag 6 April 2021 vir die o/9; o/10; o/11; o/12 en o/13 seuns.

Die oefeninge sal plaasvind vanaf 14:00 tot 15:00 op die rugbyveld. Rugbyoefening gaan plaasvind elke Maandag, Dinsdag , Woensdag en Donderdag. Alle COVID-19 regulasies gaan streng toegepas word. Geen ouer gaan op die skoolterrein toegelaat word nie. Elke seun moet asseblief oefening toe kom met sy eie waterbottel. Geen waterbottels mag tussen leerders gedeel word nie. Mond– en kopskerms moet asseblief nie saamgebring word na die oefening toe nie. Slegs fiksheid sal gedurende elke oefensessie plaasvind. Kontakoefening mag nog nie plaasvind nie.

Leerders gaan slegs op die dae oefen wanneer hulle by die skool is volgens hulle groepe.



**Mini-Netbal**

Ons begin met wintersport vanaf Dinsdag 6 April.

Streng Covid 19 protokol sal gevolg word. Elke leerder word gesaniteer en hul temperatuur word geneem voor hul die terrein betree en die terrein verlaat. Daar word aan vaardighede en fiksheid gewerk.

Elke leerder moet hul eie nommer 4 netbal bal saambring.

Dra tekkies, hoed en bring eie water bottel.



**Oefen Maandae tot Donderdae**

0/6 (GR R) by Juffrou Meranda en Juffrou Verna Tye:12:30-13:30
0/7 (GR1) by Juffrou Maretha en Juffrou Marianka Tye 13:00-14:00
0/8 (GR2) by Juffrou Maryke en Juffrou Anja Tye 13:00-14:00
0/9 (Gr3) by Juffrou Madri en Juffrou Moniqe Tye 13:30-14:30

**SKOOLGELD**

Baie dankie aan elke ouer wat reeds skoolgeld betaal het.

Ons doen 'n beroep op die ouers om maandeliks hul skoolgeldverpligting na te kom.

**Netbal (Fiksheidsprogram)**



Netbaloefening begin amptelik Dinsdag 6 April 2021 vir die o/10, o/11, o/12 en o/13 meisies. Die oefeninge sal plaasvind vanaf 14:00 – 15:00 op die netbalbane, slegs vir die groep leerders wat daardie betrokke dag by die skool moet wees. Netbaloefening gaan plaasvind elke Maandag, Dinsdag, Woensdag en Donderdag. Neem kennis dat spelers slegs mag oefening bywoon indien dit hul groep se skooldag is. Alle Covid-19 regulasies gaan streng toegepas word. Geen ouer gaan op die skoolterrein toegelaat word nie. Elke netbalmeisie moet asseblief oefening toe kom met haar eie waterbottel. Geen waterbottels mag tussen leerders gedeel word nie.

Kontakoefening mag nog nie plaasvind nie.

**DATAVERIFIKASIE**

Alle uitstaande dataverifikasievorms moet asseblief voor die einde van die week teruggestuur word.

Enige veranderings op die dataverifikasievorm moet met 'n ander kleur pen aangebring word. Die vorm moet ook asseblief geteken wees.

**FINANSIES**

Uitstaande vrystellingsvorms moet asseblief so gou moontlik by Magda Schutte ingehandig word. Enige navrae ten opsigte van vrystellings kan gestuur word na finansies@laerskoolpierneef.co.za



**FOTODAG**

Neem asseblief kennis dat foto's geneem gaan word 6,8 & 9 April 2021.

Groep 2 - Dinsdag 6 April 2021.

Die Gr. R & RR se fotodag is Donderdag 8 April 2021.

Groep 1 - Vrydag 9 April 2021.



**SAAMRYGELEENTHEID GESOEK**



'n Mamma is opsoek na 'n saamrygeleentheid vir haar kinders vanaf Eastlynn tot by skool.

Indien u kan help skakel Me. Emmarentia Stoltz 072 658 6486.